



AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

Die embleem

Die embleem bestaan uit onderskeie elemente wat almal spreek van Akademia se begroting en die produk wat sy aan die gemeenskap bied.



Die mees prominente simbool in die embleem is h A. Dié A staan vir Akademia, maar daar is ook belangrike simboliek daarin opgesluit. Dit verwys ook na Afrikaans. Baie belangrik is dat die A stewig op twee bene staan, en dus daarop dui dat Akademia diep begroting is. Hierdie twee bene herinner ons aan bykans teenoorstaande dinge wat in spanning staan, maar in Akademia juis omhels, gekoester en ontwikkel word. Hier word spesifiek verwys na h fokus op die verlede, met sy erfenis, en die toekoms, met sy moontlikhede. Verder word daar verwys na h fokus op beide wêreldklas opleiding – met die einddoel van bedryfsgerigte vaardighede – teenoor die fokus op diepgaande opvoeding – met die einddoel van persoonlike ontwikkeling, volwassenheid, wysheid en identiteit.



Die diamant is ons familietrek. Akademia is gebore vanuit die Solidariteit Beweging. Die vakbond het h baie spesifieke en spesiale plek in ons bestaan. Dis uit baie mense se bydraes dat hierdie instelling moontlik gemaak is. Ons wil dit altyd onthou, want dit bring by ons h waardering van die krag van h gemeenskap – en veral van h gemeenskap wat omgee. Maar die diamant is nog meer as familietrek. Dit herinner ons dat ons deel is van h gemeenskap, en dan uit h gemeenskap, vir h gemeenskap. Dit herinner ons dat Akademia nie h doel opsigself is nie, maar h middel tot h doel. Dit herinner ons dat ons dienend bestaan, en nie gebiedend nie. Dit laat ons volhard in die visie van h gesonde, selfversekerde, lewenskragtige opgeleide en opgevoede gemeenskap aan die suidpunt van Afrika.



Die volgende simbool is h krans – nie h lourierkrans nie, maar h olyfkrans. Hierdie krans roep in herinnering die drie antieke stede waaruit ons beskawing gevorm is. Jerusalem as simbool van ons Christelike vertrekpunte en begroting, Athene as simbool van ons akademiese en filosofiese erfenis, en Rome as simbool van ons geordende samelewing soos geanker in die reg.



Al hierdie simbole word saamgevat in h skild. Die skild is h toonbeeld van die standvastigheid, tradisie en gevestigde identiteit van Akademia.

Die gesamentlike struktuur van die embleem dui spesifiek op die volgende twee sleutelbegrippe:

1. Die Christelike oortuiging en die toewyding tot ontwikkeling vanuit tradisie [olyfkrans] vorm die fondament van Akademia. Dit omvat die opvoedingsfokus.
2. Die rigting van invloed en groei is opwaarts en uitwaarts, geïllustreer deur die abstrakte pyl [letter A en diamant]. Hierdie elemente omvat die onderrigfokus.

Ten slotte die treflyn: *Ad futurum per fontes*, oftewel "Na die toekoms deur die bronne".

Losweg vertaal beteken dit dat ons dit wat die toekoms inhou kan trotseer, omdat ons bemagtig word deur die erfenis van ons verlede.